# B. A P A R T H E I D A S B E G I N S E L I N D I E S K O O L O P V O E D I N G.

## H O O F S T U K IV.

## Apartheid in die Skoolopvoeding aan die Kaap gedurende die tydperk 1652-1800.

### 1. Inleiding.

In die Afrikanervolk se apartheidsopvatting is geleë 'n christelik-nasionale opvoeding van die nie-blanke en hierdie taak word in 'n christelik-demokratiese staat veral deur drie instellings behartig, naamlik die huis, die kerk en die skool. Dit is dus vanselfsprekend dat die Afrikanervolk se apartheidsbeoefening tot sekere konsekwensies moet lei vir aldrie genoemde instellings wat as integrale dele van 'n volk se organisasie en ontwikkeling funksioneer. In die lig hiervan word die toepassing van die apartheidsbeginsel ten opsigte van die skool wat behalwe vir die bybringing van kennis ook verantwoordelik is vir die oordraging, bevordering en ontwikkeling van 'n volk se geestesgoedere teen die agtergrond van die apartheidsontwikkeling as geheel behandel.

### 2. Apartheid en die Skoolopvoeding in Nederlands Oos-Indië.

Die feit dat die bewindhebbers in die Ooste ook met 'n nie-blanke inboorlingbevolking te doen gehad het, het hulle optrede aan die Kaap in hierdie verband sterk beinvloed. Die metodes en gebruike in Oos-Indië was voorspellend van wat in die Kaap te wagte kon wees.

Gekenmerk deur die tydgees, was die skoolopvoeding in Oos-Indië deur-en-deur godsdienstig van aard. Onder-

wys in die beginsels van die christelike relegie, aankweek van goeie sedes en gewoontes, aanleer van die Nederlandse taal, leer lees, skrywe en reken was die volledige inhoud van die leerplan vir die laerskool deur baie jare heen en het gegeld vir beide blank en nie-blank. Ook is daar geen verskil gemaak sover dit die metode betref het nie. Die kinders moes die onderwyser nasê en dan groot gedeeltes van buite leer. (1)

Nie slegs die inhoud en metodes vir blank en nie-blank was presies dieselfde nie, maar hulle het ook gesamentlik dieselfde skole bygewoon. So was een van die eerste skole in Batavia met Jan van Brouck as onderwyser byvoorbeeld vir seuns en meisies van Javaanse sowel as Europese afkoms.(2) Dieselfde toestand van 'n blanke-nie-blanke-skoolbevolking is aangetref op die skole wat later gestig is. „Evenzeer gemêleerd was de schoolbevolking, die uit nederlantse, mestice en swarte jongens bestond." (3)

Die hoofdoel met die gemengde skole was om die inboorlingkinders na die skool te lok en sodiende die geleentheid te kry om hulle die Nederlandse taal aan te leer en te kersten. (4) Hierdie gebruik het egter veroorsaak dat daar in 1654 glad geen skole meer vir blankes was nie. Die blanke kinders wat nie die skole vir slawe of inlanders wou bywoon nie moes na Holland gestuur word vir hulle onderwys. Welgestelde ouers het hulle kinders op vier- of vyfjarige leeftyd na Nederland gestuur vir hulle skoolopvoeding. Hulle het 'n afkeer in die gemengde skole gekry en wou particuliere skole hê in Neder- (5)

---

(1) Van der Chijs, J.A., Nederlandsch-Indisch Placaatboek, Deel 11, 1643-1677, 31-55.

(2) De Indische Gids, L No. 1-6, Jan.- Junie 1928, 300 (S.A.K.)

(3) Brugmans, I.J., Geschiedenis van het Onderwys in Nederlandsch-Indië, 35.

(4) De Haan, F., Oud Batavia, 632.

land. (1)

Met die stigting van partikuliere skole is daar wel 'n verskil tussen blankes en inlanders gemaak omdat hierdie skole, wat hoofsaaklik vir blankes bedoel was, deur nie-blankes oorstroom is. Die belangrikste vereiste vir die toelating van 'n nie-blanke was dat hy die Nederlandse taal magtig moes wees. (2) Ook kon die inlandse kinders nie meer as 'n kwart van die skoolbevolking verteenwoordig nie, en indien hulle dit wel oorskry het is so 'n skool se toelae verbeurd verklaar. (3) Daar is dus teen die nie-blanke gediskrimineer om hierdie spesiale skole as Nederlandse skole in stand te hou.

Geen rasse- of kleurbeperkings vir toelating tot die Latynse skool is egter gestel nie. Almal wat die nodige kwalifikasies besit het en die nodige gelde kon betaal, is toegelaat. (4) Hierdie skool is met slegs elf leerlinge nog op die rol, op 17 Oktober 1656 finaal gesluit. (5)

Die skoolbevolking in Nederlands Oos-Indië was dus gemeng en met die invloed wat dit op die Kaapse skoolwese gehad het, kan dit nie verwag word dat hier, in die begin altans, skeiding tussen blank en nie-blank sou wees nie.

---

(1) De Haan, F., Oud Batavia, 629-636.

(2) Stibbe, D. G. (Red.) Encyclopaedia van Nederlandsch-Indië, Deel III, 93.

(3) Ibid., 121.

(4) (a) Van der Chijs, J. A., Nederlandsch-Indisch Placaatboek, Deel II, 1643-1677, 6.

(b) Brugmans, I. J., a.w., 45. (A. van Diemen bepaal dat Stertemius twaalf wese van die „gauwste ende goedaardighste Nederlantsche as Mistice jongens" in sy huis moet neem.

(5) Van der Chijs, J. A., a.w., 229.

3. Apartheid en die Eerste Skole aan die Kaap.

Heel in die begin van die volksplanting aan die Kaap word daar glad nie melding van enige skole gemaak nie.

In 'n brief aan die Klassis van Amsterdam, gedateer 20 April 1655, meld die sieketrooster, Willem Barentz Wijlant dat, „het gaat nog alles in een goede ordre". (1) Na aandete word die aandgebed gedoen, twee of drie versies gesing, en Sondae word 'n preek of Evangelieteks voorgelees waarna die jongmense die vrae opsê en met twee of drie skrifture bewys. (2)

Met die aankoms van die slawe word die eerste skool op 17 April 1658 met die sieketrooster, Pieter van der Stael, as onderwyser geopen. Dit was uitsluitlik vir slawe en die doel was om hulle Hollands te leer en hulle te kersten. Om hulle aan te moedig, het die Kommandeur die onderwyser gelas om „na t' eindigen elck een croesjen brandewyn en 2 duijm taback te geven". (3)

Hoewel die skool somtyds gesluit moes word omdat die slawe nie slegs onwillig was om te leer nie, maar ook weggeloop het, het dit in 1661 nog bestaan. Pieter van der Stael wie se kontrak verstreke geraak het, vra om 'n verdere aanstelling en verhoging van salaris. Hy word weer aangestel en sy salaris word van 36 tot 45 gulde per maand verhoog, „missgaeders hy des Compies slaven ende Hottentoos in die Nederlandsche taele ende christelijcke leere is onderwysende". (4)

---

(1) Spoelstra, C., Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsh-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Deel I, 3.

(2) Ibid., 3.

(3) C. 584, Daghregister 1655-1658, 17.4.1658, 439. (S. Arg. K.)

(4) Van Riebeeck, J., Dagverhaal, Deel III, 12.3.1661, 565-566.

Soos die onderwysers in Batavia het Van der Stael ook die na-sê metode gebruik. „De slaven zeiden de gebeden na, die Van der Stael hun voor zei." (1)

Daar word nie melding gemaak of blankes ook hierdie skool bygewoon het nie. Dit wil voorkom of dit slegs 'n skool vir slawe en Hottentotte was.

In 1663 verlaat Van der Stael die Kaap (2) en word opgevolg deur Ernestus Back wat behalwe sy gewone dienste as sieketrooster, ook die „Caepse schoolkinderen, soo Duijtse als Swarte alle dagen neerstigh te leeren leesen en Cathegiseeren". (3) Die skoolbevolking het bestaan uit 12 blanke kinders, 4 slawekinders en 1 Hottentotjie. 10 Blanke skoliere moes betaal terwyl die res vry toegelaat is. (4)

Die Politieke Raad was baie in hulle skik met hierdie gemengde skool, en rapporteer aan die Here XVII dat dit baie goeie vordering maak. Behalwe die Nederlandse kinders was daar van die slawekinders asook 'n Hottentotjie of twee, wat Onse Vader in die Nederlandse taal kon opsê. (5) Hoeveel die slawe en Hottentotte begryp het van wat hulle opgesê het, word nie vermeld nie.

Ook in 'n brief aan die Raad van Indië, gedateer 21 April 1664, meld die Politieke Raad dat die skool daagliks deur 29 Nederlandse en nie-blanke kinders besoek word. (6) Die skoolbevolking het dus binne vyf-

---

(1) Fouché, L., Onze Eerste Scholen, 3. (Openb. Bl. K.)

(2) C. 494, Uitgaande Brieven, Pol. Raad — Here XVII, 1662-1667, 528. (S. Arg. K.)

(3) (a) V.C. 4, Daghregister 1662-1666, 30.11.1663, 495. (S. Arg. K.)
(b) Leibbrandt, H.C.V., Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, Journal No. 1, 1662-1670, 83. (S. Arg. K.)

(4) V.C. 4, a.w., 496.

(5) C. 494, Nr. 2, Uitgaande Brieven, Pol. Raad — Here XVII, 15.4.1664, 654. (S. Arg. K.)

(6) Ibid., Pol. Raad — Raad van Indië 21.4.1664, 692.

maande met 12 vermeerder. Daar word egter nie vermeld hoeveel blank en hoeveel nie-blank was nie. Dit was egter 'n gemengde skool waar blank en nie-blank dieselfde opvoeding ontvang het.

Na E. Back se deportasie na Batavia in 1665 (1) word hy opgevolg deur Daniel Engelgraaf (2) wat met die gemengde skool voortgegaan het. (3)

In 1668 word Joannes Bolten as onderwyser aangestel, maar in 1671 weens drankmisbruik uit die land verban. (4) Wat die juiste toestand in sy skool was, kon nie duidelik bepaal word nie. In die begin altans, was hy die enigste skoolmeester en die moontlikheid is sterk dat hy vir beide blank en nie-blank skool gehou het.

In 'n brief van die Politieke Raad aan die Here XVII, gedateer 22 Maart 1669, word onder andere vermeld, dat „opvoedingh en onderwijsingh onzer slaven jeught inde ware religie en vrese Godts is oock zoo vruchtbaar dat waertoe alhier een school is gestabuleur die door den voorzanger wort waar genomen". (5) Of hier van Joannes Bolten se skool gepraat word, en of dit 'n afsonderlike skool was, kon nie bepaal word nie. (Dit moet onthou word dat skole gestig is, tot niet gegaan het, of soms net tydelik gesluit en weer heropen is, met die gevolg dat dit moeilik gaan om presies te bepaal wat die ware toedrag van sake was. Hierby word die skool meermale slegs terloops gemeld.) Omtrent dieselfde tyd

(1) C. 494, Nr. 2, Uitgaande Brieven, Pol. Raad — Raad van Indië, 21.4.1664, 692. (S. Arg. K.)

(2) C. 586, Daghregister 1662-1666, 805. (S. Arg. K.)

(3) Leibbrandt, H.C.V., Precis of the Archives Cape of Good Hope, Journal No. 1, 1662-1670, 189. (S.Arg.K.)

(4) C. 495, Uitgaande Brieven, Pol. Raad — Ryekloff van Goens, Ceylon, 1035, (S. Arg. K.)

(5) C. 495, Uitgaande Brieven, Pol. Raad — Here XVII, 1668-1671. 22.3.1669, 270. (S. Arg. K.)

17.6.1669 maak die Politieke Raad ook melding van ds. Adrianus de Vooght wat nie alleen die jeug van die Christelike gelowige ouers nie, maar ook in besonder dié van die swarte nasie, „in alle civiliteijt inde Christelijcke religie met chatgegiseren als ter scholen gaan", onderrig. (1) Blank en nie-blank is dus nog saam onderrig.

Dit is egter ook baie duidelik dat die skoolwese 'n uiters wisselvallige bestaan gehad het, want met sy besoek in 1671 vind Kommissaris Isbrand Goske die toestand uiters onbevredigend, veral sover dit die slawe binne sowel as buite die slawelosie aangaan. Hy beveel dat die toestand onmiddellik verbeter moet word en lê veral klem op die metode van onderwys, wat ten opsigte van die slawe aangewend moet word. Hulle moet die onderwyser nasê, „om alsoo te beeter in haar memorie te krygen t' geen sy hooren, op hoope daardoor meer en meer opgewecht werdende tot de gewenschte geluksaligheijt mogen geraecken, waartoe Godt zijn zeegen en genade gelieve te verleenen". (2)

As gevolg van die Kommissaris se bevele is Alexander Carpius gedurende Maart 1671 as tydelike onderwyser aangestel. Op 11 April 1672 word besluit op sy vaste aanstelling omdat hy gedurende sy dienstyd, „groot industrie in 't onderwijsen van Comps. slaevenkindren aanwent." (3) Hier word nie melding gemaak van blanke kinders wat die skool bywoon nie en ook nie van 'n afsonderlike skool vir hulle nie. Hulle het dus moontlik glad nie 'n skool gehad nie, of het Carpius se skool vir

(1) C. 2, Res. Pol. Raad, 1664-1673, 17.6.1669, 283. (S. Arg. K.)

(2) (a) Leibbrandt, H.C.V., Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, Journal 1671-1674 & 1676, 4. (S. Arg. K.) (Isbrand Goske land hier op 1.2.1671.)
(b) C.700, Memoriën en Instructiën, 1657-1685, 276-278. (S. Arg. K.)

(3) C.2, Res. Pol. Raad, 1664-1673, 11.4.1672, 577. (S. Arg. K.)

slawekinders bygewoon. Eersgenoemde blyk meer moontlik die geval te wees, want nieteenstaande daar in 1672 reeds 65 blanke kinders in die kolonie was, (1) maak die besoekende Kommissaris Nicolaas Verburch, die opmerking: „Ende gemercht alhier tot nogh toe geen vaste Scholen gehouden zijn, om de jeught te leeren lesen, schrijven en in de Christelijcke deughden op te wecken." (2) Jan Wittebol is toe onmiddellik aangestel as onderwyser.(3)

As die datums in aanmerking geneem word dan was daar met die aanstelling van J. Wittebol dus twee onderwysers, hy en A. Carpius. Carpius is hoofsaaklik aangestel as onderwyser vir die slawe en Wittebol vir die blankes. Ek kon egter geen bewyse vind dat hulle skole nie gemeng was nie, of dat daar enige besware teen gemengde skole geopper is nie. Indien daar skeiding tussen blank en nie-blank op skool was, was dit slegs van tydelike aard, want in 1676 vra die Kerkraad dat daar vir nie-blankes sowel as blankes skole moet opgerig word. (4) Die beginsel van aparte skole is dus nie toegepas nie.

## 4. Eerste Stemme gaan op vir Aparte Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Die Kerkraad het tot die oortuiging geraak, „dat het zeer nodig zy alhier gelijk als in Indië zoo wel voor de zwarte als Duiztshe kinderen reeds geschied is",(5) 'n skool op te rig sodat hulle van kindsbeen af kan lees en skrywe en onderrig kan word in die beginsels van die

(1) C.587, Daghregister, 1672-1673, 11.10.1672, 206. (S. Arg. K.)

(2) C.700, Memorien en Instructien, 1657-1685, 15.3.1672, 302-303. (S. Arg. K.)

(3) Ibid., 303.

(4) Kerkraad Notulen, 1665-1695. K.R. 1/1, 27.12.1676, 111. (Ned.Geref. K. Arg. K.)

(5) Ibid., 111.

Christelike Religie. Waarom die kerkraad op afsonderlike skole aangedring het word nie vermeld nie. Uit die Politieke Raad se antwoord aan die Kerkraad in verband met die afsonderlike skool vir slawekinders wil dit egter blyk dat laasgenoemde die vordering van die blanke kinders gestrem het of n slegte invloed op hulle uitgeoefen het. Die Politieke Raad beloof om dadelik uit te kyk vir n bekwame onderwyser vir die slawekinders, „maar onderwyllen evenwel soo langh eenige van de gaauste swarte kinderen in de duijtsche schole te laaten gaan misgaders een swart bequam persoon te imployeeren om opgemelde slaven de gebeden 't savonts en s'morgens voor te houden en te instrueren." (1) Die beste slawekinders kon dus nog in die tussentyd tot dat n skool vir hulle gestig is, die skool vir blanke kinders bywoon.

Daar is egter voortgegaan met die gemengde blanke-nie-blanke-skole. In 1679 rapporteer die Kommandeer dat goeie vordering gemaak is met die skool vir die jeug. Dit is deur 32 Nederlandse, 11 gemengde en 5 slawekinders van die Kompanjie bygewoon. (2)

In 1685 besoek Kommissaris, H.A. van Rheede die Kaap. Die heersende toestand van onsedelikheid en blanke-nie-blanke-vermenging en verbastering het hom diep gegrief. Behalwe dat geen ongemagtigde blanke in die slawekwartiere toegelaat mag word nie, is die kwartiere in vier dele verdeel: een deel vir die getroudes, een vir die jong meisies en ongetroude vroue, een vir die seuns en jongmans en die ander deel vir die gebruik van n skool waar, „alle kinderen beneden de 12 jaren om daer onderweesen te worden in gebeeden, Cathechismus, en gronde van de religie, so meede leeren leezen ende

(1) C.3, Res. Pol. Raad, 1674-1678, 28.12.1776, 168-169. (S. Arg.K.)

(2) Fouché, L. Onze Eerste Scholen, 7. (Aangehaal: „32 Nederlandse, elf gemengelde en vyf stucx Komps. slaven kinderen.")

de Nederduijtsche tale prompt te leeren spreeken. Over welke gestelt zijn een Meester voor de knegtkens en een Meesteresse voorde Meijskens". (1) Vir die seuns is Jan Pasquaal van Batavia as onderwyser aangestel, terwyl Magriet van de Caap (Casties) die pos van onderwyseres vir die meisies aanvaar het. (2) Albei kon goed lees en skryf en was „ervaren en wel ge'oeffent". (3)

Van Rheede het self in vooruitsig gehad dat daar later vir die slawe in hulle eie kwartiere kerk gehou moes word. „Om waerin onzen yver te toonen, sullen alle de Schoolkinderen, der Sondags na de predikatie publicquelyk haer vragen opzeggen, en tot dien synde onder geleyde van haar Meesteren en Meesterezze in de kerk verscheynen, tot dezelve zo verre zullen weezen gebragt, men in haer quartier een predikatie mogen doen." (4)

Die huis wat deur ds. J. Overny ontruim is, moes reggemaak word vir die onderwyser en ook dien as 'n skool vir die blanke kinders. Hierdie skool sou wees, „voor de kinderen van onze Duijtsche Natie, zo wel in den dienst van D. E. Comp. als daer buijten mitsgr: vrye burgers haer kinderen, en zullen in gemelde Schoolen geen slaven kinderen van iemand aangenoomen, maer de zodaenige na 't geweezen en aldaer onderweezen mogen werden, d' opsigt over deselve en dat alles in goede orde toe gae blyve D'E. Commandeur in Ernst aanbevolen". (5)

Slawekinders is dus belet om die skole vir blanke kinders by te woon en die Kommandeur is ook baie ernstig

---

(1) C.708, Instructie voor den Commandeur Simon van der Stel door H. A. van Rheede, 1685, 56. (S. Arg. K.)

(2) C. 591, Origineel Dagregister, 1685-1686, 109. (S. Arg. K.)

(3) Ibid., 109.

(4) C.708, Instructie voor den Commandeur Simon van der Stel door H. A. Van Rheede, 1685, 57. (S. Arg. K.)

(5) Ibid., 102-103.

beveel om toe te sien dat dit uitgevoer word.

Die Kommissaris het egter verder gegaan; hy het ook 'n verskil tussen gekleurdes en suiwer nie-blankes gemaak. „Op dat de selve leesen, schryven en christelycke deughden tydigh leeren moge, sullende onderscheyt tuzzen de Caslice en Mistics gemaacht worden." (1)

Verder was dit nie net 'n saak dat die slawe nie die skole vir blankes mag bywoon nie, maar blankes is ook nie toegelaat op die skole vir slawe nie. In die „Reglement voor den Schoolmeester" word in artikel IV bepaal: „Alle andere slaven of duytsen in de schole niet toelaten." (2) In artikel VII word weer bepaal dat: „geen blanke kinderen sullen in de schole aangenomen worden". (3)

Van Rheede het die beginsel van apartheid dus baie duidelik en definitief in die skoolopvoeding neegelê. Blank en nie-blank moes nie tot mekaar se skole toegelaat word nie. Ook het die nie-blankes hulle eie onderwysers gekry. Waar daar dus in 1676 nog toegelaat is dat die slimste of beste (gaauste) van die slawekinders tot die blanke skole toegelaat mag word, sou dit nie meer gebeur nie.

Aangesien die Kerkraad reeds in 1676 die Politieke Raad oor afsonderlike skole vir blank en nie-blank genader het, bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat van die kerkraadslede die saak in verband aparte skole met Van Rheede bespreek het. Die toestand van blanke-nie-blanke verbastering en ontug mag 'n ander oorsaak wees waarom Van Rheede ook skeiding op die terrein van die skoolopvoeding ingestel het. (4) Hy wou sover moontlik 'n

---

(1) C. 591, Origineel Dagregister, 1685-1686, 109 (S.Arg.K.)

(2) Ibid., 133-134.

(3) Ibid., 134.

(4) C.708. a.w. 57. („Onder het getal van gemelden slaven werden bevonden" 32 zoonen en 26 dogters van Duytse vaders geteelt.")

skeiding tussen blank en nie-blank maak en het verwag dat daar nie verdere vermenging sal plaasvind nie. (1)

5. Toepassing van die Apartheidsinstelling op Skool.

In hoeverre die apartheidsinstelling van Van Rheede konsekwent deurgevoer is, is moeilik om te bepaal. Oorspronklike verslae oor die werklike toedrag van die skoolwese is uiters skraal en onvolledig.

Nieteenstaande Simon van der Stel lewende belang by die onderwys gehad het, (2) het die tekort aan geskikte onderwysers en die verspreiding van die bevolking 'n gesentraliseerde skoolwese dwarsdeur die land onmoontlik gemaak. (3) Huisonderwys, verskaf deur knegte en sogenoemde rondreisende onderwysers wat meermale bitter min geleerdheid besit het, moes hierdie belangrike leemte vul. (4)

Die skoolwese was op so 'n losse voet en wisselvallig dat bepalings nie van veel krag was nie. Niemand kon 'n huurder van 'n privaatonderwyser verbied om ook sy slawe tot die huisonderwys toe te laat nie. Aangesien godsdiensonderwys ook die hoofsaak in die skoolwese was, (5) en die christelike kolonis die kerstening van sy slawe as sy plig geag het, is daar geen rede om te glo dat as die geleentheid daar was, hy hulle die skool geweier het nie, te meer daar die slawe toegelaat is om die huisgodsdiens by te woon. So huur 'n sekere Pierre Rousseau, 'n plaaseienaar, Gerrit Daveman onder kontrak om onderwys aan sy hele familie, met sy slawe

---

(1) C.708, a.w., 65.

(2) C. 6, Res. Pol. Raad, 1686-1699, 22.12.1687, 190. (S. Arg. K.)

(3) C.702, Instructiën, 1686-1722, 187. (S. Arg. K.)

(4) C.J. 1121-C.J. 1127, Contracten 1692-1714. (S.Arg.K.)

(5) Theal, G. M., Geschiedenis van Zuid-Afrika, 92.

inbegrepe, te verskaf. (1)

Dat apartheid op skoolgebied in die begin van die 18e eeu nie gehandhaaf is, behalwe in geval van die skool in die slawelosie wat nog uitsluitlik vir slawekinders gebruik is, blyk uit die besluit van die Politieke Raad om op vertoë van ds. E. F. le Boucq, die swart bandiet Daniel Rodrigo in die vervolg nie meer toe te laat om vir blanke kinders onderwys te gee nie. (2)

Om die onderwys beter te kan beheer en administreer, word op 21 Augustus 1714 die „Ordonnatie van de School Ordening" uitgevaardig. Behalwe dat 'n Raad van Skolarge aangestel is, is heelwat uitgewei oor die sedelike en godsdienstige opvoeding van die jeug, die skeiding tussen seuns en dogters en een en ander omtrent die metode wat hoofsaaklik op memorisering neergekom het, maar omtrent die skeiding van blank en nie-blank op skool word nie 'n woord gerep nie. (3)

In die Diakonieskool is vry onderwys aan blanke sowel as nie-blanke kinders verskaf. (4) Ook is beide sonder enige onderskeid vir vyf jaar by een of ander ambagsman in die leer geplaas. (5)

In die skoolwese is dus geen onderskeid tussen blank en nie-blank gemaak nie. Hulle het gesamentlik die openbare skole bygewoon en presies dieselfde leerplan waarin godsdiens die hoofsaak was, gevolg. (6) Hierdie feit word verder bevestig deur 'n ondersoek wat gevolg het op

---

(1) C.J. 1128, Contracten 1714-1715, No. 21. (S. Arg. K.)

(2) C.7, Res. Pol. Raad, 1700-1710, 12.7.1707, 268. (S. Arg. K.)

(3) Ibid., 236-242.

(4) K.R. 7., Res. Kerkraad, Kaapstad, 1769-1782, 56. (Kerk. Arg. Ned. Geref. Kerk, Kaapstad.)

(5) K.R. 8, a.w., 128.

(6) C. 179, Bylagen tot de Resolutiën, 1778, 349. (S. Arg. K.)

'n klaagskrif wat by die Politieke Raad ingedien is deur sekere gepermitteerde onderwysers wat beswaar gemaak het teen ongepermitteerde onderwysers. (1) Die ondersoek het onder andere aan die lig gebring dat daar behalwe die skool in die slawelosie wat uisluitlik vir slawekinders was, nog agt openbare laerskole in Kaapstad was, met die volgende onderwysers en leerlingtalle:

TABEL I.

| Naam van Onderwyser | Blanke Seuns | Blanke Meisies | Slawe Kinders | Getal |
|---|---|---|---|---|
| G. Meyer............ | 37 | 34 | 6 | 77 |
| D. Mellet........... | 24 | 30 | 8 | 62 |
| D. V. Dureng........ | 34 | 20 | 2 | 56 |
| G. Knoop............ | 49 | 62 | 25 | 136 |
| A. Joosten.......... | 42 | 56 | 17 | 115 |
| M. Wydeman,......... | 40 | 55 | 3 | 98 |
| J. H. Redelinghuijs. | 46 | 51 | 5 | 102 |
| J. Jacobse.......... | 18 | 16 | 16 | 50. |
| Totaal.. | 290 | 324 | 82 | 696 |

(2)

In die slawelosie was 84 kinders op skool. 40 hiervan was kinders van slawe wat by die burgers werksaam was.(3)

Van die apartheidsinstelling van Van Rheede was daar teen die einde van die 18e eeu in die praktyk sover dit die skoolopvoeding betref het, niks meer sigbaar nie. Ook in die reglement vir die gepermitteerde onderwysers van Kaapstad, soos opgestel deur die Sholarge en goedgekeur deur die Politieke Raad in 1782, word nie 'n woord omtrent aparte skoolopvoeding van blank en nie-blank ge-

(1) C.71, Res. Pol. Raad, 1779, 6.12.1779, 315. (S.Arg.K.)

(2) Ibid., 9.7.1779, 367-369.

(3) Ibid., 9.7.1779, 367-369.

rep nie. (1) Dit, nieteenstaande genoemde reglement gebaseer is op die skoolreglement wat vir Batavia opgestel is en waarby 'n byvoegsel is, waarin voorsiening gemaak word vir die skeiding tussen blanke en nie-blanke kinders. (2) In die Kaap is daar dus nie soos in Batavia op skeiding tussen blank en nie-blank op skool aangedring nie. Andermaal moet tot die oortuiging geraak word dat gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank die gewone loop van sake was.

In die buitedistrikte waar wel skole was, was die toestande wat gemengde blanke-nie-blanke-skoolopvoeding betref, geensins verskillend van Kaapstad nie. In verband met George Knopp se skool in Stellenbosch (3) skryf P. B. Borcherds, wat self die skool bygewoon het, soos volg: „In front, stood the large writing table and benches, generally occupied by about forty to fifty of the rising generation, of all colours, some paying, others admitted gratis — the latters chiefly from the poor maintained by the church funds." (4)

As omstandighede in aanmerking geneem word verbaas dit 'n mens glad nie dat skeiding tussen blank en nie-blank op skool nie gehandhaaf is nie. In die eerste plek het die Kompanjie die kerstening van die slawe as hulle plig beskou en hierin het die skool veral 'n baie belangrike rol gespeel. As gevolg van die verspreiding van die mense in die buitedistrikte kon daar nie genoeg

---

(1) C. 74, Res. Pol. Raad, 1782, 9.4.1782, 429 e.v. (S. Arg. K.)

(2) Van der Chijs, J. A., Nederlandsch-Indisch Placaatboek, Deel 10, 1776-1787, 5.2.1780, 425. (S. Arg. K.)

(3) C. 77, I, Res. Pol. Raad, 1785, 28.4.1785, 410. (S. Arg. K.) (G. Knoop aangestel as onderwyser op Stellenbosch.)

(4) Borcherds, P. B., An Auto-biographical Memoir of P. B. Borcherds, 18. (Africana Biblioteek, Johannesburg.

skole opgerig word nie. (1) Verder was daar ook 'n groot tekort aan geskikte predikante en onderwysers. (2) Die gevolg was dat blank en nie-blank saam na dieselfde kerke (3) en skole moes gaan.

Meermale was die skoolopvoeding van so 'n lae gehalte dat die skool nie juis 'n baie belangrike plek in die gemeenskap ingeneem het nie. Aan die benaming onderwyser of skoolmeester het 'n stigma gekleef. Die skolarge het selfs voorgestel dat dit verander moet word na „onderkoopman efferties", „onderkoopman titulais" en selfs „boekhouer". (4) Baie onderwysers kon „nauwelyks meer dan een tamelyke hand schryven — Dikwels de spelkonst niet dan gebrekkig, en het rekenen menigmaal op zyn best tot de regel van Drien verstaande".(5)

Verder moet in aanmerking geneem word dat die sogenaamde verligte idees van die liberalisme ook aan die Kaap begin posvat het. Die uitbreiding van kennis aan almal word oral voorgestaan. Onder omstandighede sou die slawekinders, aangesien daar nie voldoende skole vir hulle bestaan het nie, (6) nie uit die blanke skole geneem word nie.

Dit wil voorkom of Hottentotkinders nie die skole bygewoon het nie, altans nie in die latere jare nie. Dit is egter te verstane, aangesien beide die Politieke Raad en die Kerk baie skepties teenoor hulle moontlike

---

(1) C. 89, III, Res. Pol. Raad, 1790, 12.10.1790, 1022-1026. (S. Arg. K.)

(2) C. 219, Bylagen tot Resolutiën, 1793, 28.6.1793, 112. (S. Arg. K.)

(3) Spoelstra, C., Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Deel I, 572, 576 en 582.

(4) C. 196, Bylagen tot Resolutiën, 16.3.1792, 169. (S. Arg. K.)

(5) (a) Ibid., 181. (b) C. 96, Res. Pol. Raad, 1792, 848-877. (S. Arg. K.)

(6) C. 105, Res. Pol. Raad, 1794, 17.1.1794, 204. (Daar was slegs die slaweskool in die losie met 'n leerlingtal van 47.)

opvoeding tot beskaafde mense gestaan het. (1) Hulle onderwys wat in 1743 deur George Schmidt op Baviaanskloof gestaak is, is in 1792 deur drie sendelinge van die Morawiese Sendinggenootskap hervat en binne drie maande is 'n skool met 61 leerlinge heropen. (2) Die skool was uitlsuitlik vir Hottentotte en die opvoeding het behalwe godsdiens, lees en skrywe ook handearbeid ingesluit. (3) Hierdie skool met 'n homogene skoolbevolking het ook uitstekende vordering gemaak. (4)

Die Boesman en Bantoe wat nie onder die blankes gewoon het nie, is ook nie in die gemengde blanke-slawe-skole opgeneem nie.

Alhoewel die Engelse die Kaap in 1795 beset het, het hulle hulle nie veel met die onderwyssake bemoei nie. Behalwe dat die politieke vraagstukke al hulle aandag geverg het, het hulle geweet dat die Kaap nie permanent in Engelse hande sal bly nie. Die skolarge, gygestaan deur die Burgersenaat wat in 1796 gestig is, het die skoolwese behartig sonder dat enige merkwaardige veranderinge aangebring is. (5)

### 6. Samevatting.

Soos in Oos-Indië, was die belangrikste doel van die skoolopvoeding aan die Kaap om die heidense slaaf te kersten en hom die Nederlandse taal aan te leer. Verder moes skool en kerk die kind van die blanke kolonis inlei

(1) Speelstra, C., Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Deel I, 204-205.

(2) Du Plessis, J., A History of Christian Missions in South Africa, 73.

(3) Ibid., 85.

(4) (a) B.R. 7, Res. Pol. Raad, 1804, 9.5.1804, 7, (S. Arg. K.)
(b) B.R. 88, Uitgaande Brieven, 1803-1804, 309. (S. Arg. K.)

(5) L.M. 26, Leibbrandt's M.S.S., Extracts relating to Education, 1663-1877, 2. (S. Arg. K.)

in die eerste beginsels van die Calvinistiese godsdiens. In hierdie belangrike take is die heidense nie-blanke en die beskaafde blanke kind gesamentlik in dieselfde skole onderwys, nieteenstaande die gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank in Oos-Indië nadelige gevolge vir die Westerse beskawing in hierdie koloniale gebiede van Nederland getoon het.

Drie-en-twintig jaar na die gemengde skole in die Kaap aan die gang was, het die Kerk, nieteenstaande daar nie skeiding op kerklike gebied was nie, sy stem teen hierdie gebruik laat opgaan. Slegs gedeeltelike skeiding gebaseer op intellektuele grondslag vir sover dit die slawe betref, is goedgekeur. Dit laat 'n mens dink dat die blanke kind op skool se vooruitgang gestrem is deur die nie-blanke slaaf met sy heeltemal verskillende huislike agtergrond.

In 1685 bepaal Kommissaris Van Rheede, wat nie slegs met die grootste afkeer 'n toestand van blanke-nie-blanke-vermenging, ontug en onkuisheid as gevolg van vrye blanke-nie-blanke-menging en verontagsaming van die slaaf se tradisie en gewoontes hier gevind het nie, maar wat as ideaal gehad het die opbouing van 'n nuwe kolonie uit mense van sy eie volk, dat daar skeiding tussen blank en nie-blank moet wees, selfs op die gebied van die skoolwese. Dit word bepaal dat blanke en slawekinders nie in mekaar se skole moet opgeneem word nie. Hierdie apartheidsinstelling het egter net standgehou vir sover dit die slaweskool in die losie gegeld het. In die ander skole is dwarsdeur die geskiedenis van die Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap, beide blank en nie-blank toegelaat of beter gestel, die nie-blankes is tot blanke skole toegelaat. Die gevolg was, soos die leerlingtalle ook aandui, dat die nie-blanke se skoolopvoeding uiters verwaarloos is.

Praktiese probleme soos die verspreiding van die

bevolking en die tekort aan bekwame onderwysers, het aparte skole vir slawekinders wat ook addisionele skole sou beteken het baie bemoeilik. En aangesien die blanke dit as sy plig geag het om die slaaf te kersten moes hy van sy eie skole gebruik maak vir hierdie belangrike taak. Aan die ander kant was daar ʼn vertikale skeiding tussen die blanke en die slaaf as sy lyfeiene. Die slaaf het as gevolg van sy algehele onderhorigheid en daarmee sy beroep, die laagste stratum van die gemeenskap uitgemaak. Met baie min uitsonderings kon hy nie die sosiale status van die blanke bereik nie. Gesamentlike skoolopvoeding met die nie-blankes ver in die minderheid, het op daardie tydstip nog geen gevaar vir die blanke ingehou nie. Die blanke element was heeltemal oorheersend. Buitendien was die onderwys van so ʼn lae gehalte dat dit nie juis beter vooruitsigte gestel het nie. Die ongeletterde boer met sy groot plaas het ʼn baie hoër status gehad as die klerk in diens van die Kampanjie. Die belangrikste doel met die skoolopvoeding was om die kind in te lei in die beginsels van die Gereformeerde Religie, met ander woorde om die regte gesindheid teenoor Christus by hom in te boesem volgens Calvinistiese leerstellinge. Deur die onderwys kon iemand nie ʼn beroepstatus bekom wat sy sosiale status verhoog het nie. Die ongeletterde slaaf het dieselfde status gehad as die een wat skoolopleiding geniet het, en albei het as heidene ʼn laer status gehad as die ongeletterde blanke Christen. Die skool het ook in die vorming van die volksburger ʼn minder belangriker rol gespeel as wat vandag die geval is. Gevolglik was apartheid op skool as sodanig nog glad nie ʼn beginselsaak nie, veral as ook verder in gedagte gehou word dat die slawe aan die Kaap baie goed behandel is en hulle, hulle ondergeskikte posisie as vanselfsprekend aanvaar het.

Hoewel daar 'n verhouding van apartheid in ander sfere van die sosiale lewe bestaan het, was daar geen apartheid sover dit die skoolopvoeding betref het.